BYSTANDSFONDS VIR ZIMBABWE LANDBOU

Die ekonomiese krisis in Zimbabwe neem onhanteerbare afmetings aan. Met 'n inflasiekoers van nagenoeg 5 000 persent, toenemende onderbrekings in en agteruitgang van noodsaaklike dienste, onverkrygbare produksie- en verbruikersgoedere, is daar 'n dringende behoefte aan menslike maar veral materiële steun in ons buurland. Agri SA het reeds in die verlede bystand gelewer deur 'n bystandfonds ten behoewe van die Commercial Farmers' Union van Zimbabwe (CFU) en sy lede te administreer. Daardie fonds is tans uitgeput.

'n Voorbeeld van die tipe bystand wat 'n verskil kan maak, is 'n kragopwekker wat onlangs aangekoop is om die CFU se hoofkantoor met sy telekommunikasie funksies en IT-sisteme operasioneel te hou. Langdurige, daaglikse kragonderbrekings het dit noodsaaklik gemaak om alternatiewe, standhoudende kragopwekking in plek te kry. Agri SA se affiliasies is versoek om elk vir die doel R3000 of meer by te dra - 'n versoek waarop goed gereageer word. Hierdie is maar een van 'n verskeidenheid dringende behoeftes wat in ons buurland ondervind word terwyl hulle werk en wag op 'n politieke uitkoms as 'n voorwaarde vir ekonomiese herstel.

Die rol van burgerlike organisasies in Zimbabwe, soos die CFU, om nou en in die toekoms 'n bydrae tot nasionale dialoog en ontwikkeling te maak, kan nie onderskat word nie. Hulle is ook goed geplaas om te adviseer oor waar die grootste nood in hulle sektor bestaan en wat daaromtrent gedoen kan word.

Teen hierdie agtergrond doen Agri SA 'n beroep op landboubesighede maar ook enige ander persoon of instansie wat hom/haar met hierdie saak wil vereenselwig, om 'n bydrae te maak tot die bystandfonds, vir behoeftes soos hierbo vermeld. Die betalings kan per tjek of elektronies gedoen word by die volgende bankrekening:

ABSA Bank
Rek nr: 4050566323
Takkode: 323645 of elektroniese oorbetaling 632005
Rekening naam: Agri Info Africa Edms Bpk

U goedgunstige oorweging sal hoog op prys gestel word.